# WAT IS JOU AMBISIE?

Markus 10:35-45

## INLEIDING

**Wat is jou ambisie in die lewe?** Ons hoor van **kleinsaf** die vraag: *Wat gaan jy word as jy eendag groot is?* Die **matrieks** is teen hierdie tyd seker al moeg van die vraag: *Wat gaan jy na skool doen?* En as jy nie kan sê ek gaan verder studeer vir 'n dr of ingenieur of so iets nie, voel jy eintlik skaam!
**Wat is jou ambisie vir jou kind?** Jou kleinkind? Ja, ouers kan soms hul kinders onder groot druk plaas vanweë HULLE ambisies: die seun moet 'n Springbok word en die dogter moet minstens mej Brander word, of so iets!
**Soms wonder 'n mens of ambisie 'n goeie of 'n slegte ding is.**
<u>T S Elliot</u>: *'"n Groot deel van die moeilikheid in hierdie wêreld word veroorsaak deur mense wat te belangrik wil wees."*
<u>William Shakespeare</u>: *"Weg met ambisie! Dit is die een sonde wat selfs engele tot 'n val gebring het."*
Ja, en was dit nie **Adam en Eva** se ambisie om soos God te wees wat tot die sondeval gelei het nie?

## SKIET JESUS AMBISIE AF?

Wanneer 'n mens vanoggend se Skrifgedeelte lees, klink dit byna asof **Jesus** ook soos genoemde skrywers, ambisie afskiet.
**Ons kry hier 'n tweeling** – en volgens Matteus se weergawe kan ons hulle ma byvoeg – **met groot ambisie** in die lewe. Hulle glo vas Jesus gaan nog koning word. Hulle het 'n ogie op die belangrikste posisies in sy koninkryk – die aan sy linker- en regterkant. Beide was posisies van eer en mag. Iemand het gesê dit gaan in ambisie om **drie P's**: ***Position, Prestige and Power.*** Dis waaragter die twee broers was. Hulle het seker gedink hulle staan 'n baie **goeie kans**, want hulle het saam met Petrus **die binnekring** van die dissipels uitgemaak. Hulle was bv die drie wat saam met Hom op die berg van verheerliking was toe Moses en Elia aan hulle verskyn het (9:2. Lees ook 5:37)
**Hulle volg 'n fyn uitgewerkte benadering**. Hulle loop Jesus nie sommer trompop met hulle versoek nie. Hulle gebruik eers 'n bietjie sielkunde. Hulle probeer Hom op 'n manier **manipuleer** sodat Hy hulle versoek eintlik nie kan weier nie. "*Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra."* (:35)
Jesus belowe niks, maar luister geduldig verder. En DAN stel hulle hul versoek.
Toe **die ander 10 dissipels** agterna daarvan verneem, was hulle verontwaardig. **Hoekom? O**mdat hulle jaloers was? Omdat HULLE daardie posisies wou hê? Heel waarskynlik. Ons lees immers in die vorige hoofstuk (9:34) dat hulle onder mekaar **gestry** het oor wie van hulle die belangrikste was. Die najaag van mag en eer lei altyd tot **konflik.**
**Maar WAS dit wat Johannes en Jakobus gedoen het, so verkeerd?** Hulle sou hulle miskien **verdedig** deur te sê: *"Wel, ons het **visie** wat julle nie het nie. Ons het so bietjie vooruitgedink. Ons het **geloof** wat julle nie het nie. Ons sien nog steeds in Jesus 'n toekomstige Koning, tsv alles wat Hy vir ons sê. Ons het daarom besef daar is hierdie twee belangrike vakatures en ons het daarvoor **aansoek gedoen**!"*

**Was Jesus ook verontwaardig?** Dit staan nie hier nie. Hy reageer myns insiens **begrypend**. Tog gee Hy ook nie toe aan hul versoek nie. *"Julle vra die verkeerde Persoon. Dit is nie ek wat die poste uitdeel of die aanstellings maak nie, maar my Vader."* Hy sê dus nie hul strewe was **verkeerd nie.** Tog gebruik Hy die hele situasie om 'n **belangrike waarheid** tuis te bring. Ons kan sê dit gaan **oor die verskil tussen gesonde en ongesonde ambisie.** Waarteen Hy dit baie beslis het en wat Hy onder die dissipels agtergekom het, is **ongesonde ambisie**. Daar is onder hulle die begeerte om *"groot"* te word, om *"eerste"* te wees (:43, 44). Hy skiet groot drome en ideale nie af nie. Hy beklemtoon wel **die manier**, die pad om daar te kom, die regte **motiewe** daarvoor.

- **Die manier** is nie deur **manipulasie** nie. Mense wat die drie P's begeer, is baie maal geneig om ander te manipuleer om hul doel te bereik. Hulle gebruik of misbruik ander se vriendskap of vertroue en liggelowigheid.
- Die manier is nie deur ander **uit te buit** nie, of op hulle **te trap** nie. Mense wat baie ambisieus is, gee baie maal nie om hoeveel mense hulle langs pad seer maak of veronreg nie.
- Die manier is ook nie om **selfsugtig en selfgerig** te lewe sonder om vir ander om te gee nie.

**Nee, dis soos wat dit in die ongelowige wêreld gaan.** So is dit by die *"nasies"* (vs42). So maak die mense wat nie die Here *ken of erken* nie. Hulle is hul *eie god*. Hulle soek die drie P's om oor ander te kan **baasspeel** en om hulle mag tot hul **eie voordeel** te kan misbruik (:42). Ja. 'n mens kan dit selfs kry dat sulke mense *vir God ook* probeer manipuleer sodat hulle hul ambisie kan bereik. Hulle is bereid om voor te gee om christene te wees as dit vir hulle kan voordeel inhou. **Enigiets** om gewild te wees, om vertroue te wen, om stemme te werf.
**DIT is die soort ambisie wat die Here Jesus nooit kan goedkeur nie**. Die motiewe en die maniere is verkeerd. Dit is ongesonde, ja, *sondige* ambisie. Dit lei tot konflik en selfs chaos.

**Hy is egter nie gekant teen GESONDE ambisie nie. En dit is?**
Jesus **verras** ons weer eens soos so dikwels vantevore. Wat Hy sê, is baie maal so anders en so teenoorgesteld aan wat ons gewoond is om te hoor en te sien. Hy sê: *"Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees."*
**Laat jou grootste ambisie wees OM TE DIEN.** Die vraag wat ons aan ons en ander se kinders moet stel, is dus eintlik: *Waar gaan jy eendag* ***dien*** *as jy klaar is met skool?* Nie wat gaan jy eendag *word* nie. God gee aan elke mens **gawes en geleenthede** nie ter wille van *Power, Prestige & Position* nie, maar om daarmee te dien.
Wanneer ek dus **moet besluit** wat ek na skool gaan doen, moet ek bid, soek en vra: *Waar kan ek met my gawes dien?* Waar en hoe kan ek my gawes *ontwikkel om beter diens* te kan lewer? Ek is bevrees vir baie ouers en kinders gaan dit om waar kan ek *die meeste geld vir die minste inspanning* verdien… Waar kan ek so *gou moontlik* baas wees sodat ander VIR MY kan bedien?
**Ek haal my hoed af** vir almal wat nederige getroue diens lewer aan hulle medemens: in kerk en samelewing; baie maal sonder erkenning/ waardering /beloning. Sulke mense is die *sout van die aarde*, die *gom* van 'n gemeente en gemeenskap.
**Sulke christene is nie mense sonder ambisie soos wat party mag oordeel nie.** Hulle ambisie is om God en hul naaste so goed as moontlik met hul gawes te dien. Van hulle word later, soos Jesus gesê het, deur God gekies en **geroep tot groter**

**verantwoordelikheid** en hoër posisies as ander. Dan behoort hul ambisie **nog steeds** diens te wees – hoedat hulle daardie mag en aansien en inkomste wat hulle het, kan gebruik, nie vir eie voordeel en om baas te speel nie, maar **om ander se lot te verbeter.**
Ek dink nou maar aan die **voorbeeld** van die briljante dr **Albert Schweitzer** wat sy gawes in belang van die gemeenskap rondom 'n sendingstasietjie "Lambarene" iewers in Wes-Afrika gaan aanwend het om daardie mense se lot te verbeter en die liefde van God prakties aan hulle te demonstreer. Hyself het gesê: *"Die enigste mense wat werklik gelukkig is – en dit mag snaaks klink maar toets dit gerus uit! – is hulle wat uitgevind het hoe hulle met hulle talent ander kan dien – en dit dan doen."*
Ek wil ook graag vir die s**koolverlaters** hier vanmore sy woorde aanhaal waar hy gesê het: *"Ek weet nie wat die toekoms vir julle inhou nie, maar ek KAN voorspel dat die ouens onder julle wat werklik gelukkig gaan wees die is wat 'n plek gesoek en dit gevind het waar julle waarlik tot diens van julle medemens kan wees."*
'n Baie ryk man was op 'n besigtigingstoer deur 'n hospitaal toe hy op 'n vreemde gesig af kom. 'n Non was besig om 'n pasiënt se braaksel op te vee. Gewalg deur die toneel wat voor hom afspeel, het hy na die non gekyk en gesê: "Ek sal dit nie vir 'n miljoen dollars doen nie !" Die non het vir 'n oomblik opgekyk na die man en toe sonder meer aangegaan met haar taak. "Ek ook nie!" het sy die man geantwoord. Die non se naam? Moeder Teresa!

**Dit lyk my Jesus se boodskap is: Ambisie is 'n goeie ding, mits dit nie selfgerig of selfsugtig is nie, maar daarop gerig is om DIENS te lewer, die BESTE wat ek kan**. Dan gaan dit *nie oor* PPP of geld nie, om beter te wees as ander nie, *maar om die beste te wees wat ek kan wees en die grootste bydrae te maak wat EK kan maak* – of dit is as verpleegster of spesialis, onderwyser of skoolhoof, landsburger of premier, ma of ouma, lidmaat of leraar.
**Broer en suster, wanneer DIT ons almal se ambisie is, sal die kerk ook die rol in die wêreld speel wat dit veronderstel is om te speel.** Ook die kerk se rol is nie 'n heersersrol nie, maar 'n **diensknegsrol.** Jesus Christus het die losprys betaal (:45) en ons bevry TOT DIENS aan God en ons medemens. Dit kom eintlik op diesefde neer, want Hy het gesê dat in soverre ons dit aan een van die geringstes gedoen het, het ons dit aan Hom gedoen (Matt 25:40). Daarom moet ons as kerk betrokke wees en diens lewer waar daar *armoede is, ongeletterdheid, VIGS e.a. siektes, onreg gepleeg word, gebroke gesinne is ens.* Ons kan dit nie maar oorlaat aan die sogenaamde *Diensorgansasies of enkele vrywilligers* nie. Ons betrokkenheid by Imizamo Yethu en Westlake en D P Marais en Groote Schuur is 'n **absolute noodsaaklike deel** van kerkwees. Eintlik behoort ons nog baie meer te doen.
**Ja, dit vra opofferinge. Opofferinge is deel van dissipelskap.** Jesus het Johannes en Jakobus daarop voorberei dat hulle ook soos Hy sou moes ly. Jakobus is 'n paar jaar later (44nC) deur koning Herodus laat doodmaak (Hand 12:2) en Johannes is op sy oudag na Patmos toe verban.
Jesus is ons Rolmodel van Iemand wat nie geleef het om gedien te word nie, maar om te dien en wat selfs sy lewe gegee het as 'n losprys vir baie mense (v 45). Daarom kan geen offer wat Hy van ons vra te veel gevra wees nie!

Amen.
18/10/09